IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 2**
**AFRIKAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 2**

Wednesday 19 November 2003 (morning)
Mercredi 19 novembre 2003 (matin)
Miércoles 19 de noviembre de 2003 (mañana)

1 hour 30 minutes / 1 heure 30 minutes / 1 hora 30 minutos

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Answer one essay question only. You must base your answer on at least two of the Part 3 works you have studied. You may include in your answer a discussion of a Part 2 work of the same genre if relevant. Answers which are not based on a discussion of at least two Part 3 works, will not score high marks.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir cette épreuve avant d'y être autorisé.
- Traiter un seul sujet de composition. Vous devez baser votre réponse sur au moins deux des œuvres de la 3e partie que vous avez étudiées. Le cas échéant, vous pouvez inclure dans votre réponse une discussion sur une œuvre du même genre littéraire étudiée dans la 2e partie du programme. Les réponses qui ne sont pas basées sur au moins deux des œuvres de la 3e partie n'obtiendront pas une note élevée.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Elija un tema de redacción. Su respuesta deberá basarse en al menos dos de las obras estudiadas en la Parte 3. Se podrán hacer comentarios sobre una obra de la Parte 2 del mismo género, si fuera necesario. Las respuestas que no incluyan una discusión sobre al menos dos obras de la Parte 3 no recibirán notas altas.

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Uitgebreide verwysings na 'n Deel 2 werk van dieselfde genre is toelaatbaar, maar slegs bo en behalwe die minimum van twee Deel 3 werke. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou antwoord uit te maak nie.*

**Drama**

**1.** (a) In watter mate kan jy saamstem dat die dramatiese uitkomste van die dramas wat jy bestudeer het, aan persoonlikheidsgebreke in die karakters te wyte is, eerder as aan eksterne omstandighede?

*of*

(b) 'n Goeie drama wentel rondom botsende idees soos beliggaam in die wêreldbeskouing van die hoofkarakters. Reageer op die stelling deur te verwys na ten minste twee van die werke wat jy gelees het.

**Poësie**

**2.** (a) 'n Gedig dra een enkele gedagte en die loop van die gedig is gerig op die ontwikkeling van die idee. Hoe is die stelling waar omtrent die gedigte wat jy gelees het?

*of*

(b) Poësie handel meestal oor ernstige temas. Op watter maniere kan die temas in die werke wat jy bestudeer het as ernstig beskou word?

**Roman**

**3.** (a) Die romankarakter word noodwendig deur sy interaksie met die eksterne wêreld en met ander karakters rondom hom oor die tyd heen innerlik verander. In watter mate is die stelling waar omtrent die karakters wat jy gelees het?

*of*

(b) Romans speel af teen 'n bepaalde agtergrond, hetsy polities, sosiaal of ekonomies. Hierdie omstandighede skep die raamwerk waarbinne die karakters leef. Skets die agtergronde van die gelese romans en toon aan hoe dit 'n invloed op die karakters het.

**Kortverhaal**

**4.** (a) ’n Goeie kortverhaalskrywer skryf ’n kortverhaal omdat hy ’n punt wil maak. Wat is die spesifieke punt in die werke wat jy bestudeer het? En hoe is dit aangebied?

*of*

(b) Die slot van die goeie kortverhaal bevredig volkome, maar dit beteken nie altyd dat dit ’n optimistiese einde is nie. Lewer kommentaar op die stelling deur na die gelese kortverhale te verwys.

**Algemeen**

**5.** (a) Die botsing tussen twee karakters beteken dat een persoon se siening of wil seëvier. Is dit waar van die werke wat jy gelees het?

*of*

(b) Dalk kan geen goeie werk ’n gelukkige einde hê nie. Hoe voel jy oor die stelling? Word die stelling ondersteun of weerspreek deur die gelese werke?

*of*

(c) Karakters word soms wyser met verloop van tyd. Ander gaan gewoon ten gronde sonder dat hulle iets leer. In watter mate is die stelling waar van die gelese werke?

*of*

(d) Die interaksie tussen man en vrou bring dikwels ’n eiesoortige problematiek na vore. Is dit waar ten opsigte van die gelese werke?